
SAKE (Rapport)
22 Mar 2015, p.2

# Hofsaak oor testament was g'n oor seun rook

Nico
van Gijsen



**Raad met jou rande**

Kan 'n pa sy seun onterf? Omdat hy rook?

Ek het heelparty navrae hieroor gehad, onder meer van 'n radiostasie, oor 'n berig in *Beeld*, susterskoerant van *Rapport*, na aanleiding van 'n hofsaak (*Van Vuuren vs. die Meester en ander*) waarin dit aan die lig gekom het dat 'n pa sy seun onterf het - glo omdat die seun rook.

Ons los eers dié arme kêrel. Ek is seker elke keer as hy 'n sigaret aansteek, gaan hy aan sy pa dink.

Belangrik vir lesers is: Waaroor het dit eintlik gegaan in hierdie saak?

Beslis nie oor rook nie.

Het kinders, of enigeen, 'n reg om te erf? Daar bestaan nie so iets in ons reg nie.

Die vryheid om jou goed te bemaak aan wie jy wil is een van die grondbeginsels van die Suid-Afrikaanse reg op testate erfopvolging. Hierdie beginsel is onlangs onder meer ook in die appèlhof *(BoE Trust Limited NO en ander (846/11) [2012])* bevestig.

In der waarheid, al bemaak jy bates aan iemand, het hy of sy nog geen werklike reg daarop nie, slegs 'n persoonlike reg om te mag erf.

Dis nie veel meer as 'n "hoop" om te erf nie.

Dit is eers nadat skuldeisers, belasting en ander boedelverpligtinge nagekom is dat die reg om te mag erf 'n opdwingbare reg word.

Waarom dan die hofsaak?

En hoekom meen ek dis belangrik vir lesers van dié rubriek?

Dié saak het niks te make met onterwing, of die rook of nie rook van sigarette deur die erfgenaam nie.

Dit het te doen met 'n toepassing van die Wet op Testamente (wet 7 van 1953) en die verdere implikasies al dan nie van die Wet op Intestate Erfopvolging (wet 81 van 1987).

Die oorledene het nie 'n geldige testament gehad nie.

Daar was wel 'n dokument waarin hy gesê het hy bemaak al sy goed aan sy twee dogters.

Dit het nie voldoen aan die vereistes vir 'n geldige testament soos bepaal deur die wet nie.

En dít is belangrik vir lesers. As jou testament nie regsgeldig is nie, gáán dit in die hof beland, soos in hierdie saak.

Die hof moes beslis of die dokument bedoel was om die oorledene se testament te wees of nie.

Die hof het op grond van die dokument en ondersteunende getuienis beslis dat dit wel bedoel was om sy testament te wees, en gevolglik is die Meester beveel om dit so te aanvaar.

Die dogters kon toe erf soos hul pa in die testament bepaal het. Niks is aan die seun, asook 'n buite-egtelike seun, bemaak nie.

Hulle kon dus nie erf nie.

Wat as die hof anders beslis het?

Dan sou die Wet op Intestate Erfopvolging in werking getree het, en sou die seun en sy buite-egtelike halfbroer albei in gelyke dele saam met die twee dogters kon erf omdat hulle afstammelinge van die oorledene is en daar geen geldige testament was nie.

Die les vir lesers is, kry kundige hulp met jou testament. Vermy liewer die kansvatters en die "gratis" testamente.

En hou jou familie uit die hof uit. Dis 'n duur spulletjie.

Appèlregter J.A. Leach *(Raubenheimer vs. Raubenheimer)* som my siening gepas op: "Dit is 'n nimmereindige bron van verbasing dat so baie mense op onopgeleide adviseurs staatmaak wanneer hulle testamente opstel, waarskynlik een van die belangrikste dokumente wat hulle ooit sal onderteken."

■ *Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa.*

*Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com;*

*Twitter: @Nicovangijsen.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.*